## AKTIWITEITE VAN DIE HISTORIESE GENOOTSKAP

Aan die einde van die akademiese jaar 1972, het prof. F. J. du T. Spies, wat twee jaar lank hoof was van die Department Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, sy betrekking neergelê en na België vertrek as kultuurattaché van die Republiek van Suid-Afrika in hierdie stamverwante land.

Die Hoofbestuur van die Transvaalse Afdeling van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* het op 11 November 1972 na afloop van sy jaarvergadering in Pretoria 'n afskeidsete vir prof. Spies aangebied waartydens prof. A. N. Pelzer 'n huldigingswoord tot hom gerig het vir sy diens aan die *Genootskap* sedert sy stigting sowel as sy werk in die hoedanigheid van hoofredakteur van *Historia*. Prof. Pelzer het hom ook as mens, kollega en akademikus na waarde geskat.

Op verskeie terreine word daar deur die vertrek van prof. Spies 'n leemte gelaat. Die *Historiese Genootskap* is hom dankbaar vir sy bydrae as hoofbestuurslid en hoofredakteur. Hy en sy eggenote word 'n voorspoedige buitelandse verblyf toegewens.

* * *

Tydens die byeenkoms van die Hoofbestuur van die Transvaalse Afdeling van die *Genootskap* op 11 November 1972 in Pretoria, is 'n aantal belangwekkende sake bespreek met betrekking tot die Genootskap, sy lyfblad, sowel as die stand van geskiedsonderrig op alle vlakke van die opvoedingsveld. Daar is onder meer 'n aantal studiekomitees aangewys om sekere fasette van die opvoedingsprogram te ondersoek en verslag te lewer. Hiervan sal later breedvoeriger berig word.

* * *

Die jaarverslag van die Transvaalse Afdeling vind op 14 en 15 September 1973 op Vereeniging plaas. Prof. H. B. Thom sal by hierdie geleentheid 'n referaat lewer.

* * *